

LEROUX PRAAT OPENLIK OOR HOMSELF

IN die persgesprek wat hier onder volg, vertel die bekende Sestiger Etienne Leroux meer van homself en sy kollegas, van waarmee hulle werklik besig is en waarom.

Leroux se Hertzog-pryswenner *Sewe Dae* by die Silbersteins is so pas in 'n Engelse vertaling in Amerika gepubliseer (die eerste Sestiger-werk wat oorsee uitgegee word) en sy jongste werk, 1844, verskyn aan die einde van hierdie maand.

Die persgesprek is gevoer met Martin C. Spring en dit verskyn volgende week in die nuwe Suid-Afrikaanse politieke maandblad *New Nation*. Dit is met vriendelike vergunning van *New Nation* dat onderstaande Afrikaanse vertaling van die vraag-en-antwoord-gesprek vandag in *Die Beeld* verskyn.

Vraag: Watter skrywers het die grootste aandeel daarin gehad om jou kyk op die lewe te bepaal en om jou werk te beïnvloed?

Antwoord: Vandat ek baie klein was het ek, dikwels by kerslig, die heel beste werke in die Engelse literatuur gelees — Shakespeare, Dickens, so al vort. Nadat ek gaan boer en weer ernstig begin lees het, het Hemingway groot indruk op my gemaak; toe het ek voortbeweeg

na Proust, Gide, Sartre, Dostojefski, Gunther Grass. Ek is baie onder die invloed van die sielkundige Jung — in sy werke het hy 'n geweldige wêreld geopen vir kunstenaars in alle mediums in 'n tyd waarin mense hul mite verloor het en waarin 'n nuwe mite gevorm word. Maar Evelyn Waugh is my gunsteling-skrywer (en het klaarblyklik 'n groot invloed gehad op Leroux se eie styl — Red.).

Vraag: 'n Skrywer het 'n in-neem van gedagtes nodig uit persoonlike ervaring, gesprekke en lees om weer te kan produseer. Waar kom jou vandaan?

Antwoord: Ek het geen „in-neem” in daardie sin nodig nie, want ek stel nie belang in die realistiese roman, in die weergawe van die lewe soos dit is nie. My karakters is soos akteurs op die toneel, my dialoog is hoegenaamd nie lewensgetrou

„Hulle (die Weiss Squad) kleef aan 'n wêreld wat verby is. Ons skop hulle daaruit; hulle sien dit as 'n soort ver-raad.”

nie. Ek probeer spanning tussen mense en die spanning van ons tyd oorbring. Maar ek kan my nie indink in 'n klassieke soort tragedie met 'n moderne middestand-agtergrond nie — dit is waarom my romans in 'n onwerklike wêreld plaasvind. Ek probeer my gevoelens eerder intuïtief oorbring as rasioneel. As ek 'n basiese hoodskap sou probeer oorbring, sou ek essays of artikels skryf.

Vraag: Waarop mik jy, wat

vind, wat aaklig kan wees, maar nie hoeft te wees nie. Om nuwe betekenis in hul drome te vind. Een leser het aan my geskryf en gesê dat my romans soos Rohrschach-toetse is: elkeen kan daarin lees wat hy wil. Natuurlik is daar meer in hulle as net dit. Maar ek hou daarvan om 'n sekere beweegruimte aan die leser te laat. Ek probeer nie om 'n filosofie oor te bring nie.



ETIENNE LEROUX

Deur

Martin C. Spring

probeer jy oorbring?

Antwoord: Die mite van die twintigste eeu. Deesdae het ons geen gode nie; mense is geneig om alles te veroordeel wat nie rasioneel is nie. Ons is, baie gou en baie skielik, afgesny van ons voorwêreldlike wortels. Ek, nou, glo vas in 'n soort demoniese mag wat in die kollektiewe onderbewussyn bestaan. Daaruit word 'n nuwe mite, nuwe simbole geskep.

BEWEEGRUIMTE

Jy kan hulle nie formuleer nie. Hulle word nie bewus geskep nie. Ek gebruik hedendaagse materiaal om die mite van ons tyd weer te gee. Ek probeer om mense so te stuur dat hulle in hulself inkyk en wegkom van die rasionele wêreld — om betekenis in die donker kant van hul lewe te

Vraag: Daar is heelwat swartgalligheid oor die toekoms van Afrikaans in mededinging met Engels in Suid-Afrika. Hoe voel jy hieroor?

„Ons het geen basiese rassspanning nie. In elk geval stel ek nie in die kleurvraagstuk belang nie, want oor vyftig of honderd jaar sal dit alles verby wees.”

Antwoord: Daar is geen gevaar hoegenaamd nie, want as jy eenmaal 'n letterkunde het, sal die taal nooit uitsterf nie. As Amerika Sewe Dae aanvaar as 'n roman wat die moeite werd is, dan dink ek dit sal

„Ek moet my totale onkunde bely oor die werk van ander Suid-Afrikaanse skrywers.”

bewys dat Afrikaans 'n ryp genoeg taal is om ware letterkunde op te lewer.

Vir my is dit 'n werklike toets, buitekant die Suid-Afrikaanse omgewing, waar mense 'n sekere verpligting teenoor my voel omdat ek 'n Suid-Afrikaner is.

SESTIGERS

Vraag: Wat sou jy sê is Afrikaans se grootste hoedanigheid in vergelyking met ander tale.

Antwoord: Sy buigsaamheid, sy versheid. Ons skep voortdurend nuwe frases en nuwe woorde. Dit is baie lewendig.

Vraag: Wat is die oogmerke en ideale van die Sestiger? Hoe

„Ons (die Suid-Afrikanners) het nie skielik misdadigers geword nie. Ons is beskaafde Westerse mense.”

het die groep ontstaan en watter soort durende binding is daar tussen die lede?

Antwoord: Ná die oorlog het 'n klompie van ons betrokke geraak by moderne Franse skrywers en Engelse en Amerikaanse skrywers wat in Parys gewoon het. Daar was 'n verfrissende gevoel van vryheid daar. Ons het teruggekom en begin om Afrikaans in die nuwe idioom te skryf. Eers kan ons ons werk nie gepubliseer kry nie, dus het ons 'n tydskrif met die naam Die Sestiger begin. Ons geskrifte was 'n geweldige skok vir mense wat aan die ou Afrikaanse prosa gewoon was, en sommige van hulle sien ons as kampvegters vir die afbreek van die ou lewenswyse.

In werklikheid laat ons hulle die twintigste eeu sien soos hy is, in Afrikaanse prosa. Maar die Sestigters is eintlik glad nie 'n groep nie. Elkeen van ons het 'n heeltemal verskillende styl en benadering. Politiek wysel ons van sosialiste tot by konserwatiewe. Ons het geen formele byeenkomste nie; in werklikheid weet ek nie wie al die Sestigters is nie.

Vraag: Wat dink jy is die wese van die „Weiss Squad“ se kritiek teen julle?

Antwoord: Hulle kleef aan 'n wêreld wat verby is. Ons skop hulle daaruit; hulle sien dit as 'n soort verraad. Ons word daarvan beskuldig dat ons te veel onder die invloed van vreemde idees is, wat nie die geval is nie. Dit is maar net dat ons besiel is met die vryheid om te skryf. Maar basies is ons nog Suid-Afrikaans in ons lewenskyk.

GEEN GROEP

Vraag: Julle het stryd opgewek deurdat julle die probleme van die hedendaagse moraliteit belig het, en die onvermoë van tradisionele houdings om die antwoord daarop te gee?

Antwoord: In seker sin, ja. In elk geval, ek dink graag so.

Vraag: Voel jy dat enige ander ooreenstemmings as suiwer

„In sekere sin is ek 'n Nasionalis, maar ek is lid van geen party nie.”

letterkundige verdienste bygehaal moet word wanneer 'n boek beoordeel word?

Antwoord: Nee. Ek sien myself nie as dienaar van die staat of die gemeenskap nie. Ek wil die wêreld nie verbeter nie. Ek skik my na geen bladdie groep

Antwoord: Dis 'n klein en uitverkore groep wat hom tot die poësie aangetrokke voel. Die poësie is nie van die lesende publiek afhanklik nie. Dit beteken dat digters meer progressief kan wees, groter vryheid het.

Vraag: Wat dink jy van die huidige stand van die Suid-Afrikaanse letterkunde.

Antwoord: Ek moet my totale onkunde bely oor die werk van ander Suid-Afrikaanse skrywers, maar ek veronderstel dat 'n land so groot soos ons nogal goed gevaar het as hy Campbell, Nadine Gordimer, Alan Paton en Van Wyk Louw opgelewer het ('n digter in die wêreldklas, as sy werk net vertaal sou word).

Vraag: Wat is jou houding teenoor die probleme van die Suid-Afrikaanse gemeenskap?

Antwoord: Ons probleme is niks anders as probleme elders op aarde nie. Ons het dieselfde goeie trou. Ons het nie skielik misdadigers geword nie. Ons is beskaafde Westerse mense. Ek

wing as van die owerhede. Ek woon in 'n klein, basies konserwatiewe gemeenskap, en ek moet my bure in die gesig kyk.

• ONDERMYNEND

Vraag: Jou boeke is aangeval as pornografies en sedelik ondermynend. Wat is jou kommentaar?

„Die beskuldiging dat my boeke sedelik ondermynend is, is heeltemal waar — selfs meer as wat die kritici self besef!”

Antwoord: Angel-Saksiese skrywers het te veel klem op seks laat val. Die Sestigters het tot dusver baie min daaroor geskryf, maar ons gaan nog. In sekere sin is dit waar dat my boeke eroties is, maar hulle is nie pornografies nie — dit sou gemeenplaisig wees. Ek is maar

Só lyk die twintigste eeu in Afrikaanse prosa

nie. My wortels is hier, maar ek is universeel in my benadering van die status van die mens.

Vraag: Waarom het jy weggebly van die onderwerp van rassiespanning?

Antwoord: Ons het geen basiese rassiespanning nie. In elk geval stel ek nie in die kleurvraagstuk belang nie, want oor vyftig of honderd jaar sal dit alles verby wees. As daar vandag in Afrika 'n tragiese situasie is, is dit die witman s'n, niet die hele beloop van die geskiedenis en van alles anders teen hom. Ek beskou die rassevraagstuk nie as belangrik nie. Ek stel belang in menslike enkelinge, nie in groepe nie. Skrywers maak slegte politieke uit-hulle is heeltemal idealisties en onprakties.

„Die Sestigters het tot dusver baie min daaroor (seks) geskryf, maar ons gaan nog.”

denis en van alles anders teen hom. Ek beskou die rassevraagstuk nie as belangrik nie. Ek stel belang in menslike enkelinge, nie in groepe nie. Skrywers maak slegte politieke uit-hulle is heeltemal idealisties en onprakties.

POËSIE

Vraag: Hoekom is dit dat die poësie en nie die prosa nie die grootste prestasies in die Afrikaanse taal behaal het?

hou van sekuriteit en orde en gereghowe wat nie korrup is nie. Ons is wit Afrikaner, en as sodanig weet ons 'n bietjie meer van Afrika as enige buitestaanders.

NASIONALIS

Vraag: Wat is jou politiek?

Antwoord: Ek het 'n baie ware begrip van die Nasionale beleid, en in sekere sin is ek 'n Nasionalis, maar ek is lid van geen party nie. Dit is 'n eerlike proefneming waarmee ons in Suid-Afrika aan die gang is, en apartheid is 'n besliste stadium daarin. Ek erken dat daar 'n ingeboude tweedeling is tussen my besorgdheid oor die sekuriteit van my volk en my geloof in die vryheid van die individu, maar daarmee leef 'n mens saam. Dis die lewe.

Vraag: Kry 'n skrywer wat in Suid-Afrika woon, nie met moeikhede te doen nie?

Antwoord: Ek is natuurlik sterk gekant teen alle sensuur, maar ons het 'n baie verligte Sensuurraad. Daar is perke, natuurlik. Die Sestigters se stryd om vryheid van segging is gewen, maar nie volkome nie. Ons kan nie iets so avant-garde publiseer soos in Parys moontlik is nie; ek sou nie 'n Henry Miller kon skryf nie. Maar dit is meer 'n kwessie van omge-

net nie ingestem op die „amptelike” sedes van ons tyd nie. Die beskuldiging dat my boeke sedelik ondermynend is, is heeltemal waar — selfs meer as wat die kritici self besef!

Vraag: Is jy godsdienstig?

Antwoord: Ek is. Ek is 'n Calvinis en ek was vier jaar diaken in my kerk. Ek het my kinders Viktorians grootgemaak, en selfs nou laat ek hulle nie toe om my boeke te lees nie. (Sy dogters, Cherie en Helise, is onderskeidelik 18 en 16 — Red.).

„Ek het my kinders Viktorians grootgemaak, en selfs nou laat ek hulle nie toe om my boeke te lees nie.”

Vraag: Duidelik soek jy nog gewildheid nóg geld met jou geskrifte. Wat is dit wat jy soek?

Antwoord: My ambisie was, nog altyd om 'n werklik goeie roman te skryf. Ek wil die bevrediging hê dat ek iets werklik belangriks doen — dit is die soort voortbestaan wat die gewone man in sy kinders soek. Dit is 'n stryd teen onsigbaarheid, onvermydelike dood.